

Bib

161/82

N.v.H.

STANDARD GENERAL VERSEKERINGSMAATSKAPPY BEPERK

en

ANNA MALANTSWANE

BETTY MAIFADI

MILLER, AR :-

161/82

N.v.H.

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APPÈLAFDELING)

STANDARD GENERAL

VERSEKERINGSMAATSKAPPY BEPERK

Appellant

en

ANNA MALANTSWANE

Eerste Respondent

BETTY MAIFADI

Tweede Respondent

CORAM: MILLER, JOUBERT et NICHOLAS, ARR

VERHOORDATUM: 2 MAART 1984

LEWERINGSDATUM: 8 MAART 1984

#### U I T S P R A A K

MILLER, AR :-

Die appellant was ten alle tersaaklike  
tye die versekeraar, ingevolge die bepalings van Wet 56

van 1972 / .....

van 1972, van 'n motorvoertuig. Gedurende September 1978 het die versekerde voertuig, terwyl dit bestuur is deur mnr Dikgari, met 'n motorvoertuig wat bestuur is deur mnr Molema, gebots. Die respondente was passasiers in laasgenoemde voertuig en albei het beserings opgedoen en heelwat skade gely as gevolg van die botsing. Hulle het elk, in die Transvaalse Provinsiale Afdeling, 'n afsonderlike aksie teen die appellant ingestel, waarvolgens skadevergoeding ge-eis is t.o.v. hulle beserings, wat na bewering veroor-saak is deur nalatige bestuur van sy voertuig deur genoemde Dikgari.

Die / .....

Die twee aksies is deur die Hof a quo, op versoek van die partye, gekonsolideer vir doeleindes van verhoor. Die appellant het reeds voor die verhoor, ingevolge die bepalinge van reël 13 van die Eenvormige Hofreëls, teen Molema 'n derdeparty-kennisgewing uitgereik en dit bestel, waarvolgens beweer is dat hy, Molema, nalatiglik bestuur het en dat sy nalatigheid òf die uitsluitlike oorsaak van die botsing was, òf daartoe bygedra het. Molema het geen pleit op sodanige bewering ingedien nie en blykbaar geensins daarop gereageer nie. Na aanhoor van getuienis het die Hof a quo (PREISS, R) bevind dat beide bestuurders nalatig was en dat sodanige nalatigheid in kousale

verband / .....

verband met die botsing gestaan het. Die geleerde Regter het verder bevind dat "die mate van nalatigheid van die betrokke bestuurders" (met betrekking tot die skade wat gely is) "was ..... 80% aan die kant van Molema ..... en 20% aan die kant van Dikgari".

Bygevolg het die Hof a quo die ooreengekome bedrae skadevergoeding aan die eiseresse, onderskeidelik, toegestaan met koste teen die Verweerder en die derde party, gesamentlik en afsonderlik. Die appellant kom nou in hoër beroep teen daardie bevele.

Die botsing het teen ongeveer 16h00 op die Rosslyn/Orchards Kruising, Pretoria, plaasgevind.

Molema het van oos na wes gery en Dikgari in die

teenoorgestelde / .....

teenoorgestelde rigting. In sy uitspraak het PREISS, R, die getuienis wat afgelê is taamlik breedvoerig uiteengesit en ontleed. Gesien die aard en die noue omvang van die wesentlike geskil wat tans nog bestaan tussen die partye, is ek nie van voornemens om in hierdie uitspraak die feite te herhaal nie.

Dit was in hierdie Hof gemene saak dat Molema sy motor op nalatige wyse bestuur het. Sy verduideliking dat Dikgari se voertuig van kant tot kant van die pad vorentoe beweeg het en uiteindelik teen Molema se kar, wat stilstaande was, vasgery het, is regtens deur die Hof a quo verwerp. Dit kan redelik aanvaar word dat Molema bedoel het om in die kruising regs te draai en

dat / .....

dat daar opmerklike aanduidings was dat hy moontlik  
so iets sou aanvang en daardeur 'n gevaarsituasie  
kon skep, aangesien hy deur regs te draai die weg  
van die aankomende voertuig van Dikgari sou versper.  
Trouens, die getuienis dui daarop dat sy voertuig  
kort voordat die botsing plaasgevind het, regs begin  
swaai het.

Die vraag is of onder bogenoemde omstandig=  
hede dit op 'n oorwig van waarskynlikhede bewys is  
dat Dikgari ook kousaal nalatig was.

Hierdie / .....

Hierdie vraag is deur die Hof a quo

bevestigend beantwoord. Nadat daarop gewys is dat

Dikgari se getuienis in sekere opsigte "uiters vaag"

was en dat hy gepoog het "om sy posisie waarin hy

hom bevind het te ontduik", het die geleerde Regter

hom soos volg uitgelaat:-

"Ek / .....

"Ek is van oordeel dat wat hier wel gebeur het is dat hy òf daardie motor (d.w.s. Molema s'n) nie gesien aankom het nie op die laaste minuut òf dat hy wel gesien het dat hierdie voertuig wel aankom met sy flikkerligte aan en hy het maar sonner bloot aanvaar dat die voertuig nie vlak voor hom sou inbeweeg nie".

Verder is bevind dat Dikgari, in die besondere omstandighede, behoort te beseef het dat die moontlikheid ontstaan dat Molema voor hom sou indraai en dat dit derhalwe sy plig was om Molema se voertuig "te alle tye dop te hou" en om self gereed te wees om doeltreffend te kan optree ingeval die moontlikheid verwesenlik word.

Namens / .....

Namens die appellant het mnr le Roux  
aangevoer dat die getuienis sodanige bevindings nie  
regverdig nie. Dit is waar dat bra min getuienis  
aan die Hof voorgelê is. Geeneen van die passasiers  
in Molema se voertuig het getuig. Wat die omstan-  
dighede van die botsing betref het slegs Molema en  
Dikgari getuig en soos reeds genoem, was hulle nie juis  
betroubare getuies nie. Ek is nogtans tevrede dat  
die genoemde bevindings van die Hof a quo geregverdig  
is. Dikgari het self onder kruisondervraging erken  
dat hy van die moontlikheid dat Molema se voertuig  
regs sou draai bewus was; hy het eintlik gesê  
" ..... dit is wat ek gedink het". Tog blyk dit,

weereens / .....

weereens uit sy eie getuienis, dat hy daarna sy "aandag van hom (Molema) afgehaal het" omdat hy aangeneem het dat Molema tog nie voor hom sou indraai nie. Mnr le Roux het ook daarop gewys dat volgens Dikgari, sy voertuig aan die linker voorkant beskadig is en Molema se voertuig voor, in die middel. Dit is betoog dat dit nie met die verhoofhof se bevindings rym nie.

Dit moet egter in gedagte gehou word dat die botsing in September 1978 plaasgevind het. Die getuienis aangaande die skade aan die voertuie is op 10 Maart 1982 afgelê. Dit blyk dat die polisie se dossier in die saak vernietig is voordat aksie ingestel

is / .....


is en dat die konstabel wat die gebeurtenis op die toneel ondersoek het, niks daarvan kan onthou nie.

Onder hierdie omstandighede sou dit uiters gevaarlik wees om te probeer aflei van hierdie minimale getuienis met betrekking tot die skade aan die voertuie, presies hoe en in watter rigtings die voertuie beweeg het tydens die botsing. Op sy sterkste, weeg die getuienis van waar die voertuie beskadig is nie op nie teenoor die erkenning van Dikgari dat hy, ten spyte van wat hy waargeneem het met betrekking tot die beweging van Molema se voertuig, genoemde voertuig nie voor oë gehou het nie. Die appèl kan derhalwe nie slaag nie.

Dit / .....

Dit dien daarop gelet te word dat die geleerde Regter a\_guo in die bevel wat hy gemaak het, verkeerdlik vir Molema beskou het as die versekerde bestuurder; dit is baie duidelik uit sy uitspraak dat bevind is dat Molema, nie Dikgari nie, 80% skuld het. Ook die bevel wat deur die Griffier uitgereik is, is nie 'n korrekte weergawe van die bedoelde bevel nie.

Die appèl word van die hand gewys, met koste.



---

S MILLER  
APPÈLREGTER

JOUBERT, AR )  
                  ) STEM SAAM  
NICHOLAS, AR )